# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 6:4 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 Maart-April 1995 Vol. 3

## AMPSINDRINGING

**Die alles-doen-dominee...**
**Die nagmaal-ouderling...**
**Die verveelde diaken met die geldsakkie...**
**Die stilsittende gemeente.**

Só lyk baie gemeentes. En die klagtes bly ook nie uit nie, veral oor sg. betrokkenheid. Baie van die klagtes word voor die predikant se deur gelê, want as alles-doen-dominee is ook die betrokkenheid van lidmate 'n probleem wat hy moet oplos! Juis die feit dat die dominee vir al die probleme in die kerk aanspreeklik gehou word, is aanduiding dat ons met 'n groter probleem te kampe het, nl. dié van ampsindringing.

Met ampsindringing word bedoel dat iemand werk (moet) doen wat nie eie is aan sy amp nie. Die oorsaak hiervan is gewoonlik onduidelikheid oor wie se werk wie s'n is. Die gevolg is dat almal terugstaan en wag vir die gewillige donkie wat dinge doen net omdat dit gedoen moet word, of dit nou deel van sy amp is of nie, en of hy die gawes daarvoor het of nie.

So gebeur dit dat iemand 'n spesifieke werk doen waarvoor hy nie die gawes het nie en waarvoor hy ook nie afgesonder is nie. Om dit konkreet op die kerk te betrek: die predikant doen baie van die ouderlinge se werk, die ouderlinge doen weer baie van die diaken se werk, en die diaken en die gemeente weet nie eintlik "wat om nog te doen nie". Dit is hoe ampsindringing plaasvind. Daar heers verwarring oor die inhoud van elkeen van die ampte in die kerk.

Die eerste teken van ampsindringing is die onmondige ouderling. Aanvanklik gebeur dit net dat hulle toelaat dat die dominee die dienswerk waarvoor húlle afgesonder is, uit hulle hande neem; later verwag hulle van hom om dit te doen. Die predikant moet alle probleme in die gemeente hanteer. Hy moet op al wat kommissie is, dien.

Sulke ampsindringing word uiteindelik deur lidmate as die norm aanvaar. Wanneer daar 'n dreigende egskeiding is, word dit nie eens oorweeg om 'n ouderling in te roep nie. Die predikant word opgekommandeer - as alles-doen-dominee behoort hy mos ook huweliksberader by uitnemendheid te wees! Waar drankmisbruik intree, of egbreuk, of misdaad, daar is dit nie die ouderling nie, maar die dominee wat moet kan probleem-oplosser speel!

Intussen sit die ouderling onmondig terug en maak plek vir die dominee. So 'n ouderling is onmondig, want hy aanvaar nie verantwoordelikheid vir die amp waartoe hy geroep is nie. Hy is blykbaar onbewus daarvan dat hy saam met die ander ouderlinge deur die Heilige Gees as opsieners aangestel is oor die hele kudde, "om as herders die gemeente van God te versorg" (Hand. 20:28). Blykbaar het die vermaning van 1 Petrus 5:1,2 by hom verbygegaan: "Ek vermaan die ouderlinge onder julle: Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is.".

Wat het egter in die Gereformeerde Kerke van die ouderling-amp geword? Daar is skitterende uitsonderings, maar oor die algemeen is die ouderling gedegradeer na 'n nagmaal-ouderling. 'n Nagmaal-ouderling is 'n ouderling wat een keer per kwartaal, net voor nagmaal, sy wyk deurgaan, 'n stukkie by elke huis lees, vra of daar enige besware is vir die nagmaal, en allerlei vorms (t.o.v. kerklike bydraes, verkopings, vraelyste, ens.) van die kerkraad af uitdeel. Op die eersvolgende vergadering rapporteer hy dan terug dat hy "by al sy lidmate was", "dat alles nog wel is" en miskien een en ander oor lidmate van elders wat aansoek doen om saam nagmaal te gebruik. Daarmee is sy taak afgehandel tot voor die volgende nagmaal. As 'n probleem wel onder sy aandag kom, rapporteer hy dit aan die kerkraad wat die probleem dan opdra aan die alles-doen-dominee om dit te hanteer, miskien met die wyksouderling om as handperd saam te gaan.

Sodoende word die ouderling weinig meer as 'n skakel tussen die kerkraad en die "wyk", 'n informant wat probleme deurgee aan die "eintlike herder" van die gemeente, die dominee. Natuurlik is die predikant ook (net) 'n ouderling, en daarom is hy ook 'n herder. Soos alle ouderlinge moet hy met die diens van gebede en die Woordbediening besig wees (Hand. 6). Maar by hom val die klem meer op die Woordbediening. Daarom moet die predikant se hande losgemaak word sodat hy op sy eintlike taak as leerouderling kan konsentreer, d.w.s. om die Woord te verkondig by eredienste, huisbesoek en kategese. Die ander ouderlinge moet as herders toesig

### *IN HIERDIE UITGAWE:*


- ★ AMPSINDRINGING.................. P1
- ★ SKRIFOORDENKING.................. P2
- ★ KERKREG IN DIE GKSA: 'n Kritiese evaluering.................. P4
- ★ Jesus en die Psalms (5) GOD LAG BOKANT ONS TRANE.... P5
- ★ GODSVERWARRING.................. P6
- ★ Gereformeerde Persvereniging Veritas: GRONDSLAG EN DOEL.................. P8

hou oor die kudde - met die gesonde leer moet hulle vermaan, weerlê en bestraf (Titus 1:9). Sodoende is die ouderlinge die erkenning, liefde en agting van die hele gemeente waardig (1 Tess. 5:12,13).

Hoe ontstaan die situasie van ampsindringing? Daar kan baie redes aangevoer word. Een rede is waarskynlik die onmondigheid van die ouderlinge, wat voortvloei uit 'n gebrek aan kennis van die Skrif en belydenis. Omdat ouderlinge nie weet wat hulle dienswerk behels nie, sit hulle terug en laat hulle toe dat die dominee in hulle amp indring.

Dikwels is die dominee self oorsaak van die ampsindringing. Of hy nie die ouderlinge vertrou nie, weet 'n mens nie, maar hy neem die houding in van "as ek dit nie doen nie, word dit nie (behoorlik) gedoen nie.". Of dit kan wees dat die dominee vir homself so 'n magsposisie (as opperherder?) in die gemeente wil verwerf. Hy wil soos 'n besturende direkteur van die gemeente optree, met die kerkraad as sy regterhand, maar wat self 'n hand in alles het. Met 'n onmondige kerkraad wat hom daartoe toelaat, is ampsindringing vir so 'n predikant die maklikste ding onder die son. So 'n predikant moet weer die woorde van Petrus ter harte neem, dat ons hierdie dienswerk "nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeeld van die kudde" moet uitvoer (1 Pet. 5:2,3).

Waar 'n kerkraad alle ware ouderlingswerk aan die dominee oorlaat, is die ellendige uiteinde dat die gemeente net één ouderling het, oftewel 'n "hoof-ouderling". Die Skrif, daarenteen, ken net een Opperherder, naamlik Jesus Christus, wat juis die ouderlinge in elke gemeente as sy diensknegte aangestel het totdat Hy verskyn (1 Pet. 5:4). Dit is egter nie net prinsipieel verkeerd dat die dominee die rol van 'n opperherder in die gemeente inneem nie, maar dit is in praktyk ook vir hom onmoontlik. Hy is een mens wat net nie alles in die kerk kan doen nie. Waar hy alles probeer doen, knak sy gesondheid of sy gees, en sy gesin ly daaronder. En natuurlik die gemeente. Want met net een "ware" ouderling wat hulle net een keer per jaar besoek (as sy "besturende direkteurswerk" hom daartoe toelaat) word die huisgesinne verwaarloos.

Daarmee ontstaan 'n volgende ellende. Omdat die gemeente verwaarloos word, word hulle nie behoorlik toegerus vir hulle dienswerk nie (Ef. 4:12). Lidmate besef nie meer wat die dienswerk van die amp van die gelowige behels nie. Hulle besef nie dat elke broeder en elke suster en elke kind geroep is om profeet, priester en koning te wees (Kateg. So. 12). Daarom word die "ledige lidmaat" 'n al meer algemene verskynsel, wat die dominee blameer "omdat daar niks in die kerk aangaan nie".

En waar sulke klagtes die dominee ter ore kom, neem hy dit baie ernstig ter harte. En hy moet ook. Maar dikwels probeer hy dan heeltemal die verkeerde medisyne vir die kwaal gee. In plaas daarvan dat hy die ouderlinge opskerp om die lidmate oor hulle dienswerk te lei en te vermaan, of die diakens opskerp om hulle eintlike dienswerk te doen, nl. om die gemeente in onderlinge gemeenskapsbeoefening te lei - in plaas daarvan probeer hy weer alles self doen. Hy rol sy moue op en begin reël en organiseer aan allerlei dinge wat die gemeente saam kan doen, dinge wat niks met sy ampswerk te doen het nie. So dring hy in die ampswerk van die diaken in, en word die diaken gedegradeer tot 'n kollektant.

Die praktiese gevolg van so 'n dominees-kerk is dat alles op die ou einde om die dominee as "opperherder" begin draai, en al minder om Christus as Opperherder. Daarby word die ouderling en diaken se amp so afgeskaal dat daar feitlik niks van oorbly nie. Uiteindelik, wanneer so 'n predikant uit die gemeente vertrek, stort alles in duie totdat 'n nuwe "kerklike organiseerder" beroep word. Dan is daar weer iemand wat die "leisels in die gemeente kan vat", so asof die regeeramp van die ouderlinge glad nie meer bestaan nie!

Die prinsipiële gevolg van so 'n dominees-kerk is dat daar bitter min van die gereformeerde presbiteriale kerkregeringstelsel oorbly. Daarmee is ons feitlik terug by die Roomse biskopstelsel. Soos 'n klein biskoppie regeer die dominee in "sy gemeente", met die advies van die kerkraad. Van die regering van Christus oor sy kerk, van die sorg oor sy kudde, van die liefde van sy liggaam bly daar weinig oor.

Dit is duidelik: ampsindringing is deformasie. Ampsindringing is Godonterend en skaad sy kerk. Ampsindringing maak dat die kerke kwyn en nie groei nie. Ampsindringing is Rooms.

Reformasie in hierdie saak is nodig. As daar in die kerke teruggekeer word na wat God in Sy Woord leer oor die diens van die leerouderling, die regeerouderling, die diaken en die lidmaat, kan en sal dit alleen tot eer van God en tot heil van sy kerk wees. As ons in gehoorsaamheid voor sy Woord buig en die erns van ons roeping besef, sal ons nooit ledig wees nie maar, toegerus deur die ampte wat Christus gegee her, "opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus" (Ef. 4:15).

A.L.A. Buys.

* * * * *

# Skrifoordenking: HK So. 15, Lukas 23.

**Ds. H.W. van der Walt, Hendrina.**

Niemand kan sê dat Pontius Pilatus nie baie hard probeer het om Jesus vry te laat nie. Hy wóú Hom nie veroordeel en straf nie. Pilatus het ten minste vier keer probeer om nie uitspraak te lewer in die hofsaak teen Jesus van Nasaret nie. Eers het hy die Jode aangesê om self die saak op te los. Daarna het hy die hele saak na koning Herodes probeer verwys. Toe het hy probeer om Jesus vry te kry volgens die gebruik dat 'n misdadiger met pasga vrygelaat word. Hy het die Jode kans gegee om Jesus teenoor Barabbas te kies. Deurgaans het Pilatus voorgestel om Jesus te lat kasty en dan vry te laat.

Pontius Pilatus, goewerneur en regter, het probeer om Jesus vry te kry. Hy was oortuig daarvan dat Jesus onskuldig was. Maar teen die einde kon selfs hierdie regter nie uithou teen die afpersing van die Jode nie. Al was Pontius Pilatus oortuig dat Christus onskuldig was, het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word.

Ons sien in hierdie grootste hofsaak van die wêreld hoe EEN MENS aangekla staan voor al die groot wêreldmoonthede. Die grootste hofsaak van alle tye, omdat die aangeklaagde ook ware en ewige God is. In die hofsaak teen Jesus word elke regstelsel, elke regsisteem van die bekende wêreld ingespan. So kom Jesus se lewe van lyding tot 'n verskriklike dieptepunt.

In die eerste plek sien ons Jesus aangekla volgens die Romeinse reg. Pontius Pilatus was goewerneur van Judea. As prokurator het hy die Romeinse ryk verteenwoordig, en moes hy die Romeinse reg toepas in hierdie Joodse provinsie van Rome. Die Romeinse reg is bekend daarvoor dat dit billik en regverdig was. So goed en verfynd was die Romeinse reg dat dit selfs tot onlangs toe in ons eie land se regstelsel 'n groot invloed uitgeoefen het. Die hele Romeinse ryk is verteenwoordig in Pontius Pilatus. Die Romeine was die oorheersers van die wêreld in hierdie tyd. Daarom was die Romeinse reg ook die hoogste reg wat gegeld het: vir sowel Jood as Griek as Romein wat in die provinsie van Judea gelewe het.

Jesus Christus, ware God en ware Mens, staan aangekla voor 'n heidense regter en volgens 'n heidense regstelsel. Maar dit is duidelik vir hierdie aardse regter, Pontius Pilatus, dat Jesus Christus onskuldig is. Die Joodse kerkleiers het Jesus aangekla van rewolusie, juis dit waarteen Christus ernstig vermaan het. En nou word Christus onskuldig bevind. Volgens die Romeinse reg, vasgestelde regsreëls: onskuldig.

En tog - Pilatus staan verskrik voor die druk van die Jode. Hy het al te veel foute teen hulle begaan, en hy is bang hy begaan nog 'n fout. Want die Jode kon hom ook maklik aankla by die Keiser van die Romeinse ryk. So was sy eie lewe in gevaar.

Maar dan sien Pilatus uitkoms. Hy hoor dat Jesus van Galilea af kom. Galilea, 'n ander provinsie van Rome, het 'n ander heerser gehad: Koning Herodes Antipas. En Herodes was juis in hierdie tyd in Jerusalem. Daarom stuur Pilatus vir Jesus na Herodes. Laat Herodes maar eerder hierdie moeilike saak hanteer.

So kom Jesus voor die koninklike reg te staan. Jesus Christus voor koning Herodes Antipas. Die koninklike reg waar die uitspraak, die skuldigbevinding, die vonnis berus op die wil van die koning. Die koning bepaal self sy regsisteem. Jesus nie alleen voor die billike Romeinse reg nie, maar nou ook voor die willekeurige koninklike reg.

En meer nog. In Jesus staan Jakob voor Esau. Want Herodes stam af van Esau, broer van Jakob. Esau wat sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop verkoop het. Esau wat die seën van sy vader moes afstaan aan Jakob. Koning Jesus voor Koning Herodes. Jakob voor Esau.

Sou Herodes dan vergeet het wat met sy stamvader gebeur het? Nou was die geleentheid vir wraak. En vir Jesus, die meerdere Jakob, is daar die groot vernedering om voor die mindere Esau, die Edomiet Herodes, te buig. Jesus Christus staan nou hier aangekla deur die Israel-vyandige Oosterse wêrelddeel.

Waar Christus eers aangekla was voor die Weste, die Romeinse ryk, staan Hy nou ook aangekla voor die Oosterse volke. Hulle wat die Jode verag. So ontvang Jesus die spot en smaad selfs van die veragtelike nasies.

En dan kom die besluit. Jesus word teruggestuur na Pilatus nadat Herodes en sy soldate Hom met veragting behandel het. Jesus moes terug na Pontius Pilatus. Koning Herodes kon Jesus van Nasaret nie skuldig bevind nie. Jesus, regverdig, onskuldig. Nie eens voor die willekeurige koninklike reg hou die aanklagte van die Jode teen Jesus stand nie.

So word Jesus - na regte die Koning van die Jode, meer nog, ware God - heen-en-weer gestuur tussen die aardse owerhede, 'n beskuldigde wat gehoon en gespot word. Jesus weer voor Pilatus: die Romeinse reg word gekompromitteer. Pilatus soek steeds na 'n goue middeweg. Hy weet Jesus is onskuldig. Die Romeinse reg eis dat Jesus vrygelaat word. Maar aan die ander kant is die Joodse afpersing: as Pilatus Jesus vrylaat, sal hulle Pilatus in onguns bring by die keiser.

Pilatus stel voor: "Ek sal Hom laat kasty en dan laat gaan". So sal die Joodse ywer tevrede gestel word, en Hy sal bly lewe. Maar die prys sal wees dat die onskuldige ly. Die onskuldige word verneder en soos 'n misdadiger behandel.

So probeer Pilatus 'n middeweg vind, maar dit bly 'n weg van diepe lyding vir Jesus Christus. "Julle het hierdie man na my gebring as een wat die volk afvallig maak. En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie; ja, ook Herodes nie, want ek Hom na hulle toe gestuur; en daar is deur Hom niks gedoen wat die dood verdien nie. Nadat ek Hom dan gekasty het, sal ek Hom loslaat".

Dan lyk dit of daar vir Pilatus 'n finale uitkoms kom. Die Jode het 'n gebruik gehad om een misdadiger op die paasfees los te laat. So word Jesus Christus gebring voor die demokratiese reg. Die reg wat setel in die willekeur van die mense, van die volk self. Die reg sonder maatstawwe buite die mens self, die meerderheidsbeslissing. Die keuse - hoe die mense self voel of dink.

Julle kan kies: Kandidaat Jesus of Kandidaat Barabbas. Die demokratiese keuse. Die volk kan nou self kies. Nie die wet nie, maar die keuse, die voorkeur, die wil van die mense. Pilatus gee Jesus oor aan die mense, en die keuse wat hulle maak: "Kruisig, kruisig Hom!". Want Jesus staan presies vir dit wat die mensdom nie kan verdra nie. Jesus Christus, die opperwetgewer, die groot regter, voor die mensdom - wat graag sy eie wette wil maak. Die demokrasie laat geen hoër Wetgewer, laat geen Koning bo die mens self toe nie.

En die mense kies vir Barabbas. Barabbas, misdadiger, verteenwoordiger van die mensdom. Simbool van die mens se verdorwe aard. Simbool van sy eie korrupsie. Teenoor die onskuldige word 'n moordenaar verkies. Só pas dit die demokratiese reg. Die demokratiese reg wou Jesus dood hê. So bereik Jesus se lyding byna sy dieptepunt. Verneder voor die konings en vorste. Verneder voor die korrupte menslike onderdane.

So bereik Pilatus se pogings om 'n middeweg te vind, 'n einde.

Al sou die Romeinse reg van Pilatus vir Jesus Christus kon vry kry, al sou die Koninklike Reg van Herodes vir Jesus kon vry kry - ja, selfs al sou die demokratiese reg van die Joodse gepeupel Jesus van Nasaret wou vry verklaar, dan steeds was daar een reg voor wie Jesus Christus nie kon vrykom nie. Want voor God se reg - die Goddelike reg - was Jesus Christus die skuldige. Nie omdat Hy enige oortreding begaan het nie. Nie omdat Hy ongehoorsaam was teen God nie, maar omdat Jesus Christus óns skuld, óns ongeregtigheid op Homself geneem het.

Ja, voor God se reg staan Jesus Christus skuldig - met jou skuld en met my skuld, En die ergste van alles: deur die Joodse gepeupel was ook ons Sy aanklaers. Alleen Christus kon voldoen aan God se reg in ons plek - waar ons skuldig bevind moes gewees het.

Christus sóú nie vrykom van Sy aardse regters nie. Ons lees in Handelinge (4:24 ev) hierdie gebed van die gelowiges: "Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind." God het die straf van Jesus bepaal om plaas te vind, sodat ons vrygespreek as kinders voor God kan staan. Jesus skuldig voor God - nie met sy eie nie - maar met jou skuld en my skuld.

So word Jesus dan oorgelewer om gekruisig te word. Geen ander dood sou aan God se eis voldoen nie. Jesus sou nie stilweg deur gif kon sterf nie. Hy sou nie lewenslange gevangenis of enige ander dood kon ondergaan nie. Want om te hang aan 'n hout dra die vloek van God. Jesus moes vir ons 'n vloek word. Hy moes die vloek van God ten volle dra.

In die hoogste hofsaak in die wêreld word die enigste Onskuldige ter dood veroordeel. Verneder tot met Sy dood. Hy word 'n vloek gemaak - verag voor die ganse mensdom. Verag deur God. "En ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons HERE, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel...".

* * * * *

# Kerkreg in die GKSA: 'n Evaluering (1)

**Referaat deur Ds. G.J. Meijer op 10 September 1994.**

Die bedoeling hiervan is om te evalueer waar ons as Gereformeerdes kerkregtelik staan. Tot hoe 'n mate leef ons die Godgegewe kerkregtelike beginsels uit? Waar is die sterkpunte, en waar die tekortkominge? Waaraan moet ons verder bou, en waar moet koers-aanpassings gemaak word?

Kritiese evaluering sny altyd na twee kante toe. Dit wys die positiewe sowel as die negatiewe uit. Dit vlek alles oop. Sodoende dien dit tot daadwerklike verbetering van ons lewe voor die Here.

As hierdie paar woorde in verband met die Gereformeerde Kerkreg mag bydra tot verinniging van ons liefde vir die Here se reg in die kerk, dan het dit dubbel en dwars in sy doel geslaag.

## Evalueer: wat en hoe?

Om te kan evalueer, moet 'n mens eers duidelikheid hê oor die saak wat jy gaan toets. Hoe sal ons oor kerkregtelike ontwikkeling oordeel as ons nie weet waaroor kerkreg handel nie? Dit is dus die eerste vraag wat ons onsself moet afvra: wat is Gereformeerde Kerkreg? En die tweede vraag wat daarmee saamgaan: wat is die regsnorm wat die Here vir sy kerk neerlê? Wat is die liniaal waarmee ons moet meet? Die derde vraag wat uit die eerste twee voortvloei, is: hoe word die Godgegewe norm eerbiedig in die praktyk van ons kerklike lewe? Hoe staan sake as ons die liniaal van die kerkreg uithaal en ons kerklike aktiwiteite begin meet?

## Wat is Gereformeerde Kerkreg?

Kerkreg het te doen met die regering van die kerk. Soos enige ander organisasie en liggaam, moet die kerk bestuur word. Die eerste en belangrikste vertrekpunt wat by die regering van die kerk geld, is dat Christus die Hoof van die kerk is. Hy het die kerk met sy bloed gekoop. Hy is die Alleen-eienaar. As enigste Hoof het Hy die absolute sê in die bestuur van sy kerk. Ons Here Jesus Christus lê die reëls neer vir die wyse waarop Hy wil hê sy kerk regeer moet word.

Die regeer-reëls wat die Here neerlê, het alles te doen met die manier waarop Hy sy kerk vir Hom gekoop en as eiendom verwerf het. Die kern waarom Jesus se verlossingswerk draai, is die feit dat daar reg gedoen word. God knyp nie maar net sy oë vir ons sondes toe asof daar niks gebeur het tussen ons en Hom nie. Inteendeel, ons sondes word deur God vergewe op grond van Christus se verdienste. Daar kom eers regverdige betaling, dan volg die skuldvergiffenis. Onse God is 'n God van volkome reg. Hy kan geen onreg duld nie. Soos die profeet Jesaja sê (1:27): "Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid". By God is daar geen ander pad na lewensherstel as die pad van reg nie.

Daardie reg is die basis vir kerkregering. Alles in die kerk kan en moet teruggevoer word na God die Here wat sy reg handhaaf. Dit is dus heeltemal korrek om van kerkreg te praat waar dit gaan oor die regering van die kerk. Daar kan geen regering sonder reg wees nie.

'n Verdere saak is van belang wat die Gereformeerde kerkreg betref. Die doel daarvan is naamlik om gelowiges toe te rus vir hulle ampswerk. Dit word ons in Efesiërs 4:11,12 geleer. "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus". Kerkregering moet dien tot opbouing van die liggaam van Christus. 'n Kerkraad is nie daar ter wille van homself nie. In die Naam van Jesus Christus moet 'n kerkraad ten behoewe van die lidmate werk. So is ook 'n klassis of sinode geen doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel. Die doel is om die kerklidmate as lede van een liggaam saam te voeg en saam te bind. Een liggaam, waarbinne elke lidmaat in sy amp van gelowige volkome diensbaar gestel word aan Jesus Christus, die Koning van die kerk en die wêreld.

## Die liniaal waarmee gemeet moet word

Die Godgegewe norme en reëls vir die regering van die kerk vind ons in die Skrif. Nie net op een spesifieke plek nie, maar dwarsdeur die Skrif. In die Ou sowel as die Nuwe Testament. So word daar byvoorbeeld in 1 Timótheüs 2, in aansluiting by 1 Korinthiërs 11 en 14 grense getrek vir die lewensruimte van die Godvresende vrou in Christus se kerk. In die volgende hoofstuk, 1 Timótheüs 3, word duidelike reëls neergelê vir die amp van die ouderling en die diaken. Daardie reëls anker in die Ou Testament (Exodus 18), waar Moses bekwame manne aanwys om saam met hom oor die volk Israel te regeer. Matthéüs 16 en 18 lê die grondslag vir die kerklike tug en Handelinge 15 stel sekere beginsels vir die meerdere vergaderinge. So kan ons die voorbeelde van regsreëls vermeerder.

Deur die loop van die eeue het ons voorvaders al die verskillende norme en reëls in een dokument byeengebring, wat ons die kerkorde noem. Die kerkorde is geen mensgemaakte en dus veranderlike wet wat allerlei moets en moenies voorskryf nie. Die kerkorde is 'n samevatting van die Here se regsreëls vir die kerk. Dit is wel so dat die kerkorde deur mense opgestel is. Daarom is dit en bly dit vatbaar vir verbetering, net soos ons belydenisskrifte. Maar dit beteken nie dat ons willekeurig met die kerkorde kan omgaan asof dit slegs menslike reëls is nie. Die inhoud van die kerkorde is immers direk ontleen aan die Woord van God. Daarom is dit bindend vir ons kerklike lewe. Wat dit betref, geld dieselfde reël vir die kerkorde as vir die belydenisskrifte. Dit bind ons omdat dit met God se Woord ooreenkom, en nie net in soverre nie.

Om die kerkregtelike stand van sake in ons kerke eerlik te beoordeel, is die Kerkorde die aangewese dokument wat as liniaal kan dien. Daarvolgens sal ons kan meet of ons gehoorsaam is aan die Koning van die kerk al dan nie. Ons sal weet of ons voor Sy regering buig, en of ons volgens eie reëls leef. Om dit in terme van artikel 29 van die NGB skerp te -tel: Ons sal vir onsself kan en moet uitmaak of ons Christus as enigste Hoof erken (wat beteken dat ons ware kerk is), of ons onderwerp ons nie aan die juk van Christus nie (wat beteken dat ons valse kerk geword het).

## Ons kerkregering geweeg

Nou kan ons ons kerklike lewe begin toets aan die hand van die Kerkorde. In hierdie verband kan 'n aantal vrae gevra word, eerstens rakende die bekendheid van die Gereformeerde Kerkorde. Ons is bevoorreg om die Kerkorde op die laaste bladsye van ons Psalmboek te besit. Geen Gereformeerde lidmaat het nodig om die Kerkorde spesiaal aan te koop nie. Die vraag is: wie van u het die Kerkorde agter in die Psalmboek al 'n slag deurgelees? Watter kind neem tydens sy kategetiese onderrig kennis van die Kerkorde? Tot hoe 'n mate is u, ouderlinge en diakens, op hoogte van die inhoud van die Kerkorde, van God se regsreëls? Hoe staan dit met predikante se kennis en toepassing van die Kerkorde? Ek versoek u om op hierdie vrae self antwoord te gee en dienooreenkomstig aanpassings te maak. Hoe kan 'n ouderling regeer as hy die Godgegewe regeer-reël nie in sy hart saamdra nie? Hoe kan 'n predikant verantwoord leiding gee as hy geen liefde het vir die alleenheerskappy van Christus, soos dit in die Kerkorde verwoord is nie?

'n Tweede vraag raak die opmerking wat meermale gemaak word dat ons by die gees van Kerkorde moet bly, nie noodwendig by die letter daarvan nie. Dit het tot gevolg dat die letter van die Kerkorde in sekere gevalle doelbewus geïgnoreer word. Die effek daarvan is dat in die plek van die Kerkorde 'n eie, mensgemaakte reël neergelê word. Wat dit betref moet 'n mens jouself ernstig afvra: is daar 'n verskil tussen die gees van die Kerkorde en die letter van die Kerkorde? Is die Kerkorde so swak opgestel dat dit een ding sê, terwyl 'n ander ding bedoel word? Is die gees nie juis in die letter verwoord nie? En verder: dien ons die Here werklik deur 'n probleem met eie reëls te wil aanspreek onder die vroom vaandel: ons hou steeds vas aan die gees van die Kerkorde.

'n Derde vraag raak die opleiding aan ons Teologiese skole, en daarmee saam 'n tendens wat in die kerkverband begin posvat. By die Teologiese skole is daar 'n vakgroep wat genoem word Diakoniologiese vakke. Hierdie vakgroep word onderskei van die Ekklesialogiese vakgroep, waarvan Kerkreg deel vorm. In die Diakoniologiese vakgroep word onder andere studie gemaak van die ampswerk van die predikante, ouderlinge en diakens. Spesifieke pastorale temas soos hantering van huweliksprobleme, vigs, homoseksualiteit en satanisme word bespreek. Opmerklik is die groot hoeveelheid nagraadse studente wat hulle in hierdie studieveld verdiep. Sonder om vir 'n oomblik die goeie werk wat hier gedoen word onder verdenking te plaas, moet die vraag gestel word: word daar genoegsaam vasgehou aan God se reg wat ten alle tye eerbiedig moet word? Anders gestel: word daar met pastorale werk gebou op die fondament van die kerkreg?

Hieroor kan u self oordeel. Let op die ontwikkeling van Gereformeerde beradingsklinieke en pastorale spreekkamers - wat in die Gereformeerde Kerkreg totaal vreemd is. En broeders kerkraadslede, let op u handelinge tydens kerkraadsvergaderings. Word daar in alles reg gedoen? Hoe intens word daar gedurende ouderlinge-vergaderings gepraat oor God se reg? As 'n broeder en suster byvoorbeeld in huweliksonmin leef, word daar slegs kopgeskud oor die arme kinders, of kom ons uit by die punt dat God se eer gekrenk word? Dienooreenkomstig sal die kerkraad moet handel. En wat die diakonie betref: is daar werklik sprake van gemeenskapstigting in Christus, of word diakonale versorging 'n vorm van finansiële welsynswerk?

'n Vierde en laaste algemene vraag. Tot hoe 'n mate word die kerkreg formalisties aangewend ten koste van die waarheid? Dit gebeur meermale tydens kerklike vergaderings dat daar streng volgens vergaderprosedures gehandel word. Intussen word die waarheid onder die tafel ingeskuif. Hoeveel keer gebeur dit nie dat belangrike sake op grond van tegniese punte afgewys word nie? Is dit hoe Christus sy reg in die kerk handhaaf?

Ons hoop om volgende keer dieper te delf in die rykdom van die Kerkorde, en na 'n aantal spesifieke artikels te verwys waaraan ons onsself kan meet.

★ ★ ★ ★ ★

**Jesus en die Psalms (5)**
**Prof. V.E. D'Assonville**

# God lag bokant ons trane

Ps. 2:4: *"Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle"*
Ps. 2:7: *"U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer."*

Ps. 37:13: *"Die Here lag oor hom want sy (die goddelose) se dag kom".*
Hb. 1:5: *"Aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer?"*

Dis nie alleen mense wat lag nie, maar ook God. Hy lag vanuit die hemel (Ps. 2:4). Hy lag vir die nasies en die volke wat Hom tart. Hy lag vir die aardse leiers in hulle waan en hoogmoed. God lag ook vir die vyande van god se kinders, vir die vervolgers en die uitbuiters wat die gelowiges smaad. Nog erger: terwyl Christene onder nood hulle trane stort en alles so ontsettend donker is, lag God die goddeloses uit! Onder die trane deur sien ons deur die geloof 'n glimlag wat om God se mond speel. As die ongelowige deur sy voorspoed en ydele sondewellus gestreel word, weet God dat sy dag kom (Ps. 37:13).

maar dit is 'n heilige lag. Ja, daar is 'n ernstige, heilige lag, maar daar is ook 'n ydele, sondige lag onder die mense. God se lag is egter alleen heilig. Dit is volmaak. As sondaars kan ons dit nooit ten volle verstaan nie.

En as die psalms dan vertel hoedat God lag, wat het dit dan met Jesus Christus te doen? Alles! In Hebreërs 1:5 lees ons dat Psalm 2 oor God se Seun sing. Ook die boek Handelinge vertel dat Psalm 2 alles met Jesus die Koning van die wêreld te doen het. As die twee dissipels Petrus en Johannes oor die genesing van 'n kreupel man voor die Joodse Sanhedrin moet teregstaan en uit die aangesig van die dood verlos is, is dit Psalm 2 wat die gebed van die gemeente is. Hulle aanbid die Here wat deur die mond van Dawid gesê het: "Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en sy Gesalfde" (Hd. 4:25, 26).

So word Psalm 2 'n lied van die Nuwe Testament. Dit sing van Jesus Christus. As die gelowige gemeente hier op aarde dreig om onder die spanning van die politiek onder te gaan, dan sal God se Gesalfde die nasies "aanspreek in sy toorn en hulle in sy grimmigheid verskrik" (Ps. 2:5). As daar onder wrede heidense nasies moet gely word, dan is dit God wat lag. Sy Seun sal hulle met 'n ysterstaf verpletter en soos 'n erdepot stukkend slaan (Ps. 2:9). Tot in die laaste Bybelboek sal die Seun se heerskappy "met 'n ysterstaf" verkondig word (Op. 19:5).

So lag God ook bokant ons trane van swaarkry (Ps. 37:13). Die vyand se dag kom verseker. Jesus Christus, die ewige Vors van Psalm 2 wat sy oordele oor die wêreld stuur, is juis ons Verlosser, ons Heiland, ons Saligmaker wat ons vreugde waarborg. In ons plek het Hy aan die kruis gely en gesterf sodat ons weer oor ons eie lewe kan lag - met 'n heilige, goddelike lag!

Jy, kind van God wat dag en nag trane stort in jou swaarkry. Kyk 'n slag na die kruis van Jesus Christus. Psalm 2 sing van Hom. Kyk ook na Hom in Sy almag. Aanbid Hom as die Koning van jou lewe wat alles in jou lewe bestuur. Gee jou oor aan Hom. Bekeer jou tot Hom en glo dat Hy vir al jou sondes aan die kruis betaal het. Maar doen dit tog gou. "Kus die Seun..." (Ps. 2:12).

O hoe "menslik" kan God tog wees! Hy lag oor lewe. Hy wil hê ons moet Jesus Christus soen. Nie die verraaierskus van Judas nie, maar die wonderlike groet vir ons Heiland.

* * * * *

# GODSVERWARRING (1)

### A.L.A. Buys.

Enige deformasie van die kerke kan teruggevoer word na gebrek aan kennis oor God. En gebrek aan kennis oor wie God is, is niks anders as Godsverwarring nie. Met die eerste oogopslag lyk dit onmoontlik: verwarring oor wie God is - en dit binne-in die kerk! Is die kerk nie daar waar juis die teenoorgestelde plaasvind nie, naamlik verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente nie?

Verwarring oor wie God is, het reeds 'n kenmerk van ons samelewing geword (trouens, die wêreld het God nog nooit goed geken nie). Wat egter in hierdie verwarrende tye gebeur is dat ook die verwarring oor wie God is, die kerke binnekom. Dit lei tot deformasie van die kerk. Deformasie is moeilik om uit te wys, omdat die verval oor 'n lang tyd geskied, en omdat dit, soos daar in 2 Tim. 3:5 staan, die skyn van godsdiens het, maar die krag daarvan verloor het. (En waar dit nog nie gebeur het nie, sal die druk al hoe sterker word.)

As ons dan nie deformasie oor ons kennis van God wil erken nie, moet ons ten minste bereid wees om onsself hierin te ondersoek. Ons moet gaan kyk hoe lyk die gode van die huidige samelewing, en vasstel of ons nie dalk meedoen aan die wêreld se verwarring oor wie God is nie. Ons moet onsself afvra: waarvan getuig sekere van ons kerkpraktyke? Getuig dit van Godskennis of van Godsverwarring?

Godsverwarring is afgodery - en as die GKSA werklik wil reformeer sal hierdie afgodery in ons denke skerp en duidelik uitgewys en teengestaan moet word. 'n Paar voorbeelde kan genoem word waar God in die denke al hoe meer vervang word met iets anders, en hoedat die hierdie neigings ook in die kerklike lewe uitslaan. Die Godsverwarring in ons tyd het ontstaan omdat die lewende God wat die hemel en die aarde gemaak het, al hoe meer vervang word met 'n 'gebruikersvriendelike' god. Daarmee word bedoel dat God beskou word as 'n God van liefde en vrede wat dinge vir ons gemaklik en lekker laat verloop. Nooit sal hy moeilike eise aan ons stel nie. Altyd is hy inskiklik om ons kant van die saak in te sien en daarby in te val. Hierdie klemverskuiwing het baie gevolge, onder meer dat onmiddellike kragvolle reformasie teengewerk word. Die grootste set van Satan is dat hy die kerke in 'n valse gerustheid het, omdat hulle meen dat hulle God dien, terwyl dit nie die geval is nie. Let wel: ons praat nie van 'n valse kerk nie, maar van valse gerustheid in die kerke en 'n valse godsbeeld wat vanuit die wêreld in die kerk ingedra word.

Die Here is heilig, onveranderlik en verhewe. Tans word die verhewenheid van God (sy sg. transendensie) negatief beleef, en dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen God en sy skepping ontstaan het. Dit lei tot die onverwoorde beskuldiging dat God eintlik onbetrokke is, dat God nie die moderne samelewing verstaan nie, en dat God nie meer met die mens van vandag kan spreek nie. Hoeveel tyd en energie word daar nie spandeer om God in die prediking en kerklike lewe 'relevant' te probeer maak in hierdie (post-)moderne tyd waarin ons leef nie. Tans probeer baie kerke as't ware om 'God by die mense te bring', in plaas van om die mense voor God te stel. Die vraag ontstaan: is die geweldige strewe om sg. relevant te preek, nie die gevolg van 'n beskouing dat God 'te ver weg' is vir die mense, en dat God as't ware die moderne prediker met sy moderne kommunikasietruuks nodig het om weer enigsins in die prentjie te kom nie?

Die siening dat die preekteks ALTYD moet aansluit by die mense 'in hulle omstandighede soos hulle dit beleef' werk ook mee in die Godsverwarring. God is onveranderlik. Dit is nie belangrik wat die mense wil hoor nie, maar eerder wat die onveranderlike God wil sê - en dit mag nie altyd 'n 'situasie-gerigte-tekskeuse' wees nie, veral waar die situasie tans as veranderlik of transformerend beleef word nie. Die indruk kan ontstaan dat God soos Hy Hom in sy Woord openbaar, nie met ons veranderende tye kan tred hou nie. Tog beleef baie gelowiges in die huidige veranderingsklimaat groot geloofskrisisse. Mens kry nou selfs geskrifte en seminare oor hoe die proses van verandering bestuur moet word, en oor wat die rol van die kerk hierin is, en spesifiek bedoelend die kerk-deelnemend-in-die-transformasie-proses. Maar transformasie is nie reformasie nie. Skuil

daar nie in hierdie kerk-in-transformasie die (on-)geloof dat God eintlik verander nie, dat dit tyd geword het om by die nuwe godsbeeld aan te pas nie?

Die ander kant van die munt is egter ook geldig. Is die verwarring wat tans heers nie dalk toe te skryf aan die siening dat God "n God van die ou Suid-Afrika' is nie? Is die stryery in die kerke nie dalk terug te voer daarnatoe nie? Is die loopgrawe wat tans bestaan nie dalk rondom 'n valse probleem gegrawe nie? Die kerk hoef nie te transformeer om by die nuwe situasie aan te pas nie. Die kerk hoef egter ook nie te stagneer deurdat die ou, bekende situasie die pas moet aangee nie. GOD HET NIE VERANDER NIE. Sy eise vir die kerke bly altyd dieselfde.

Jesus Christus verkondig deur die Gees die lewende evangelie tot die Vader se eer - word dit nog werklik geglo en geleef? Ware reformasie moet God bely soos wat Hy dit self sê. Enige poging om God relevant te 'maak' moet as Godsverwarring afgewys word. Enige poging om met heimwee aan die 'God van die ou dae' te dink is ook Godsverwarring. Daarom moet daar in die prediking gewaak word teen die onderliggende vals gelowe dat die 'gewone moderne mense' God nie (kan) verstaan nie, en dat die predikant God se tolk word.

Baie klagtes oor sg. "nie-relevante" prediking kan ook teruggevoer word na die beskouing dat die predikant die "geloofspesialis" is. Omdat God onverstaanbaar vir die gewone man sou wees, moet die hulp van die spesialis ingeroep word. Die predikant moet presies vir my vertolk hoe om God te dien, en die predikant moet as't ware 'n groot deel van die gemeente se godsdiens waarneem. Met die aandrang op relevante prediking is ons terug by Rome - die priester moet sê, en ons moet doen.

Verstaan die gemeente nog self wat God sê, en kan die sogenaamde gespesialiseerde preke aan daardie kennis getoets word? Voordat weer oor die preek gekla word, vra eers of ek self verstaan wat God sê. Maak ek biddend moeite met wat God vir myself deur sy Woord sê, of los ek die probleem op deur na 'n ander gemeente te gaan, na 'n ander spesialis om 'n tweede opinie in te win of reg behandel te word? Reformasie sal kom as die lidmate, en in besonder die ouderling, weer self hoor wat God vir hulle sê.

### *Verduideliking*

Maart en April se uitgawes van Waarheid en Dwaling is gekombineer in 'n enkele uitgawe. Die redaksie het die samestelling en versameling van materiaal vir **Waarheid en Dwaling** gerekenariseer, en ons hoop dat die blad in die toekoms van steeds hoër tegniese standaard sal wees.

*Kennisgewing*

## AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

## <u>ALGEMENE LEDEVERGADERING</u>

U word hiermee kennis gegee van 'n **algemene ledevergadering** wat DV op

**26 MEI 1995**

**by**

**Die Gereformeerde Kerk Eloffsdal**

plaasvind. By die geleentheid

* rapporteer die bestuur oor hulle werksaamhede sedert die heraktiveringsvergadering;
* word nuwe verwikkelinge in die onderwys bespreek, en
* word die grondwet en huishoudelike reglement van ARSO heroorweeg.

Lede waarvan die sekretaris oor 'n geldige adres beskik, sal eersdaags 'n sakelys en konsep-grondwet ontvang. Belangstellendes word aangemoedig om by ARSO aan te sluit, of in elk geval die vergadering by te woon. Vir verdere inligting kan u skakel met **Ds. Paul Kruger van Alberton** of **Ds. Nardus Droomer van Die Kandelaar, Pretoria.**

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........................................................

Adres:..........................................................

..........................................................

..........................................................

Poskode:..........................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..........................................................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS